basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

GESKIEDENIS V2

FEBRUARIE/MAART 2017

ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: HOE HET DIE STUDENTE VAN SOWETO DIE APARTHEIDSREGIME GEDURENDE DIE 1970's UITGEDAAG?

BRON 1A

Die artikel hieronder is op 12 Junie 2016 deur Desmond Tutu geskryf. Dit fokus op die redes vir die Soweto-opstande wat op 16 Junie 1976 plaasgevind het.

ONS IS BAIE VERSKULDIG AAN DIE GENERASIE WAT TEEN APARTHEID OPGESTAAN HET

Die Suid-Afrikaanse regering was in die 1970's besig met hulle program om groot apartheid deur te voer. Van hulle sleutelaktiwiteite was om die lewe vir swart mense in die stede so onaangenaam en onplesierig as moontlik te maak, om verstedeliking te ontmoedig.

Die algemene onenigheid (teenstand) van die 1960's is onderdruk, baie anti-apartheidsleiers is opgesluit of gedwing om uit te wyk (verban), en voorbereidings vir die verklaring van onafhanklike Bantoestan-republieke was ver gevorderd. Die groot plan was dat wittes burgers van Suid-Afrika sou bly, terwyl swartes burgers van hul etniese tuislande sou word – al was hulle nog nooit tevore daar nie.

Omstandighede in die woonbuurte was skokkend (uiters swak): onvoldoende behuising, swak sanitasie, oorvol skole, streng toepassing van die paswette en die gevolglike verwoesting van gesinslewens, voortdurende polisieteistering tuis en op straat. Maar Soweto se kinders het nie met die plan saamgestem nie. Daar was 'n geleidelike opbou van druk, en op 16 Junie 1976 het dit in optrede uitgebars. Jy kan maar sê die druppel wat die emmer laat oorloop het, was hulle weiering om te aanvaar om in Afrikaans onderrig te word. Maar in werklikheid het hulle vernedering, onmenslikheid en onregverdigheid gekonfronteer …

[Uit *The Sunday Times*, 12 Junie 2016]

BRON 1B

Hierdie artikel fokus op Tsietsi Mashinini se rol in die mobilisering van studente om op 16 Junie 1976 aan die optog teen Afrikaans as onderrigmedium deel te neem.

Tsietsi Mashinini kan as 'n meesterargitek beskryf word; 'n ontwerper van die saak waarin hy geglo het en direkte uitvoerder van die finale uitkoms, wat uiteindelik op die bevryding van die onderdruktes gerig was.

In die oë van sy Engels- en Geskiedenis-onderwyser, Mookgophong Tiro, was hy in 1971 'n student van formaat by die Morris Isaacson High School met 'n passie vir lees. Mashinini het in Tiro 'n fontein (bron) van kennis oor die filosofie van die Swartbewussyn en die droom dat Suid-Afrika eendag vry sou wees om as Azania hernoem te word, raakgeloop. Tiro het Mashinini se politieke denke tot 'n groot mate beïnvloed, wat laasgenoemde se aanhang van (lojaliteit aan) die filosofie van die Swartbewussyn (SB) verduidelik.

FRELIMO het in 1974 hulle vryheidsoorwinning in Mosambiek beklink en Samora Machel as president ingehuldig. Angola het in 1976 gevolg met Agostino Neto aan die hoof. SWAPO se planne vir Namibië se onafhanklikheid was ook besig om wortel te skiet. 'n Besluit is geneem om op 16 Junie 'n vreedsame protes te hou teen die instel van Afrikaans as onderrigmedium. Jy kon die stryd in sy geheel aanvoel en aanraak toe studente die lied 'Mabawuyeke Umhlaba Wethu' ('Leave Our Land') gesing het.

Aangedryf deur hierdie veggees, is Mashinini as voorsitter van die aksiekomitee verkies. Dit is later as die Soweto Student's Representative Council (SSRC) hernoem. Tsietsi het op die oggend van 16 Junie die studente na vergaderplekke vir die begin van die optog gelei. Al die skole het daardie dag 'n leier gehad om duidelike bevele te gee oor wat gedoen moes word. Die optog het meer as 20 000 leerders met uniforms gelok. Die doel was duidelik meer as Afrikaans as 'n onderrigmedium; bevryding het die algemene doelwit geword. Geen geweld is beplan nie. Die optog, het Mashinini beklemtoon, moes vreedsaam wees en voorsorg moes getref word om uittarting (uitdaging) te vermy. Maar die polisie het met lewendige ammunisie gereageer. Die tragedie daardie dag het Mashinini in 'n kitsheld van nasionale en internasionale belang verander en hy is as 'n vyand van die regering bestempel.

[Uit *The Sunday Independent*, 12 Junie 2016]

BRON 1C

Die artikel is 'n ooggetuie-weergawe deur die studenteleier, Seth Mazibuko. Dit beskryf hoe die gebeure van 16 Junie 1976 verloop het.

Ek het op 15 Junie 1976 sestien geword. Die optogte is by die gemeenskapsentrum reg oorkant 'n polisiestasie in 'n straat in Orlando-Oos beplan. Die volgende dag, 16 Junie, het die eerste groep betogers, gelei deur Tsietsi Mashinini van Morris Isaacson High, in Vilakazisstraat aangekom. Soos wat hulle aangekom het, was die polisie agter hulle. Die polisie het begin om houers met traangas te gooi. Die gode van Afrika was met ons. Weet jy wat het gebeur? Die traangaswalms het in hulle rigting teruggewaai. Hulle was so geaffekteer dat hulle besluit het om die hond los te laat.

Die eerste geweld van 1976 was toe ons die hond doodgeslaan het. Dit het die polisie ontstel (kwaad gemaak). Dit was die walms wat hulle gevang het en dit was hulle hond. Daarna was daar nog 'n wonderwerk deur God. Net toe die polisie besig was om te probeer om hulleself te organiseer, het die tweede klomp leerders agter hulle aangekom. Die polisie was in die middel vasgevang. Hulle moes hul weg deurforseer. Dis toe dat hulle begin het om met lewendige koeëls te skiet. Hulle het hul weg oopgeskiet. Dit was toe dat Hector Peterson en Hastings Ndlovo getref is.

In die chaos wat gevolg het, het meer geweld plaasgevind, onder meer die dood van dr. Edelstein (Adjunk- Hoof-Welsynsbeampte: Wesrand Administrasieraad), deur die toedoen van die leerders. Die dag was nie bedoel om op enige manier gewelddadig te wees nie, dit het net so geword toe studente deur die toedoen van die polisie begin sterf het.

Daar is mense aan wie ons nie rondom 16 Junie eer betoon nie; die vroue. Die eerste mense wat ons daardie dag vermom het toe die polisie na ons begin soek het, die eerste mense wat hulle rokke opgeoffer het, was vroue. Hulle het hulle rokke vir ons gegee. Die eerste mense wat vir ons water gebring het toe ons teen die traangas geveg het, was moeders. Die mense wat op ons geskiet het, was vaders. Maar ons praat nooit van daardie sagte kant van 1976 nie. Ek kry trane in my oë wanneer dit ook al gebeur.

[Uit *The Sunday Times*, 12 Junie 2016]

BRON 1D

Hierdie foto is deur die fotojoernalis, Jan Hamman, geneem. Die titel is 'UP IN ARMS 1976' ('HANDE IN DIE LUG 1976').

[Uit *City Press*, 12 Junie 2016]

Soweto-studente gesien met hul hande in die lug wat die vredesteken wys.

VRAAG 2: WAS DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUKSESVOL OM SUID-AFRIKANERS MET HULLE VERDEELDE VERLEDE TE VERSOEN?

BRON 2A

Die uittreksel hieronder fokus op die redes vir die stigting van die Waarheids-en-Versoeningskommissie.

Die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) is in 1995 gestig om menseregte-skendings sedert 1960 te ondersoek. Dit het die mag gehad om amnestie toe te staan aan daardie oortreders wat alles openbaar het. Die kommissie moes ook versoening en eenheid onder Suid-Afrikaners bevorder. Die mandaat van die WVK het hulle belas met die verantwoordelikheid om onpartydig te wees, maar die samestelling daarvan was nie eintlik gebalanseerd nie. Die voorsitter van die WVK was Aartsbiskop Desmond Tutu, wat 'n beskermheer van die United Democratic Front was.

Die kommissie het sowat 21 300 slagofferverklarings ontvang wat sowat 38 000 growwe menseregteskendings vermeld het. Meer as 1 000 skuldiges het amnestie ontvang nadat hulle alles openbaar het. In plaas daarvan dat die kommissie op die konteks van 'n daad gekonsentreer het, het hulle op die skuldige of slagoffer gefokus, met die gevolg dat die konteks in die meeste gevalle onvoldoende (swak) bekyk/ondersoek is. Die kruisverhoor van slagoffers is nie in die slagofferverhore toegelaat nie, maar hoorsê-getuienis is wel.

Aan die positiewe kant het die WVK 'n belangrike terapeutiese (genesende) rol gespeel en slagoffers het die geleentheid gekry om hul stories te vertel en hulle lyding is erken. Dit het die waarheid in 'n paar berugte sake onthul. Vlakplaas-operateurs of plaaslike veiligheidspolisiemanne het amnestie gevra vir die moorde van Mathew Goniwe en drie vriende buite Port Elizabeth, die Pebco-drie, die Gugulethu-sewe, en verskeie ander 'teikenmoorde'. ANC-operateurs het amnestie gevra vir die Kerkstraatbom in Pretoria, waarin agtien mense dood is.

[Uit *The South African Truth Commission* deur K Christie]

BRON 2B

Hierdie bron beskryf hoe verskillende politieke partye op die WVK-verhore gereageer het.

Ondanks erkenning van die pyn wat deur diskriminerende (onregverdige) apartheidsbeleide veroorsaak is, het die Nasionale Party stelselmatig enige verbintenis met betrekking tot skuld (blaam) vir wydverspreide skendings ontken of vermy. In plaas daarvan het hy hom as die bewaarder (beskermer) van wet en orde voorgedoen en die vryheidsbewegings vir die ondersteuning van gewelddadige ideologieë geblameer. Dit het die ANC se onverdraagsaamheid van ander partye, soos die Inkatha Vryheidsparty (IVP), wat 'n ander weg gekies het, uitgewys en beweer dat hulle verbintenis met revolusionêre (radikale) Marxistiese metodologieë en oogmerke dit op 'n pad van geweld gelei het.

Die PAC het hulle bydrae by die WVK-verhore omstrede (betwisbaar) gemaak omdat hulle (anders as die ANC) hulle aanvalle op wit Suid-Afrikaners burgers as wettige teikens van die gewapende stryd geregverdig het, en toegegee het dat hulle kaders geregtig was om by kriminele dade (soos gewapende roof) betrokke te wees, solank hulle die doelstellings en oogmerke van die beweging bevorder het.

Die IVP het die aanvanklike rondte partypolitieke verhore bygewoon, maar daarna geweier om met die Kommissie saam te werk. In hul voorlegging het hulle beide die regering en die ANC vir die geweld en menseregteskendings geblameer, en hulself uitgebeeld as onskuldige slagoffers wat apartheid teengestaan het, maar ook gekant was teen die vryheidsbewegings se aanvaarding van 'n gewapende stryd en sanksies.

[Uit http://truth.wwl.wits.ac.za/cat_descr.php?cat=2. Toegang op 15 November 2015 verkry.]

BRON 2C

Hierdie spotprent deur Zapiro toon hoe die Nasionale Party (NP) enige kennis van hulle betrokkenheid by die 'Smeer-/lasterveldtog' ('Dirty Tricks') teen ANC-aktiviste ontken.

[Uit *The Sowetan*, 9 Junie 1995]

3DE MAG

VLAKPLAAS

MOORDBENDES

NA DEPT 1980 se SMEERVELDTOG: Betrokke by bomontploffings, afluistery, steel van unie-fondse, spioenasie, smeerveldtogte

BRON 2D

Hierdie uittreksel fokus op die bevindings van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK).

Die WVK het die ANC vir verskeie menseregteskendings, beide voor en ná 1990, verantwoordelik gehou en hulle blameer vir hulle bydrae tot die styging in geweld deur die bewapening en opleiding van selfverdedigingseenhede in 'n onstabiele situasie. Daar is ook bevind dat die sukses van die sogenaamde 'derdemag'-aktiwiteite 'minstens gedeeltelik 'n gevolg van die uiters hoë vlakke van politieke onverdraagsaamheid was, waarvoor alle partye in die konflik moreel en polities verantwoordelik gehou moet word'.

Hierdie poging tot onpartydigheid (regverdigheid) tussen die NP en die ANC het veroorsaak dat die ANC onsuksesvol wysigings (veranderings) aan die finale konsep van die WVK-verslag geëis het. Sewe kommissarisse het die ANC se eis ondersteun, en sewe het dit teengestaan. Slegs Tutu se stem was deurslaggewend vir die saak. 'n Hofaansoek deur die ANC was onsuksesvol. Die IVP en Buthelezi het ook die WVK se bevindings in die hof teengestaan, wat veroorsaak het dat die Verslag met betrekking tot sommige aspekte verander is en dit moontlik gemaak om 'n verklaring deur die IVP dat dit ander bevindinge betwis, in te sluit.

… Beide die UDF en Inkatha was diep betrokke by (vasgevang in) geweld en dit is moeilik, indien nie onmoontlik nie, om vas te stel wie die eerste klip gegooi het, en watter organisasie vir die meeste menseregteskendings verantwoordelik was.

[Uit *The Rise and Fall of Apartheid* deur D Welsh]

VRAAG 3: HOE HET DIE IMPLEMENTERING VAN STRUKTURELE-AANPASSINGSBELEIDE (SAB's) DIE EKONOMIEË VAN ONTWIKKELENDE LANDE BEÏNVLOED?

BRON 3A

Hierdie uittreksel deur die historikus G Arnold verduidelik die redes waarom Afrika-lande gedurende die 1980's strukturele-aanpassingsbeleide (SAB) by internasionale finansiële instellings aanvaar het.

… die Groep van Sewe (die sewe mees ontwikkelde lande in die wêreld: die VSA, Brittanje, Frankryk, Japan, Italië, Kanada en Duitsland) gebruik die Internasionale Monetêre Fonds as hulle instrument om aan die arm lande voor te skryf en hulle te beheer sodat die IMF, wat eintlik as beskermer van die armes moes opgetree het, eerder 'n polisieman vir die belange van die rykes geword het. As gevolg van IMF-druk gedurende die 1980's het 'n aantal Afrika-lande verplig (geforseer) gevoel om IMF-geïnspireerde Programme vir Strukturele Aanpassing (PSA) in te stel, of dit hulle omstandighede gepas het of nie. PSA's was die prys om te betaal vir die herbepaling van skuld en verdere hulp. Die les was ooglopend: solank hulle skuld gehad het, sou klein Afrika-ekonomieë aan IMF-gedikteerde ekonomiese reëls onderhewig wees.

In die 1980's, die laaste dekade van die Koue Oorlog, het skenkerlande (toe eintlik slegs deur die Weste) Afrika-lande geforseer om Wêreldbank- en IMF-gedikteerde PSA's te aanvaar. Slegs indien sulke beleide aanvaar is, sou die gewoonlik huiwerige ontvangerland dan die IMF se 'stempel van goedkeuring' kry en slegs wanneer dit gegee is, kon die betrokke land die hulp wat dit nodig gehad het (indien hulle gelukkig was) by die hoofnasies ontvang. In werklikheid het die IMF aan Afrika-lande voorgesê oor watter beleide om te volg: privatisering, verlaging van tariewe teen Westerse vervaardigers, besnoeiing van subsidies op noodsaaklike verbruikersgoedere, soos suiker, meel en kookolie wat die armste dele van die gemeenskap die meeste geraak het, sodat die ontvanger makliker die skuld kon betaal. Hierdie strawwe voorwaardes, wat nooit in die oorspronklike strukture van die IMF in die vooruitsig gestel is nie, het politieke voorwaardes aan die ontvangers opgelê wat op blatante (ooglopende) inmenging van hulle interne sake neergekom het, en of hierdie voorwaardes vir die meerderheid van die mense aanvaarbaar was of nie, was nie ter sake nie: dit moes ingestel word as die prys vir voortgesette hulp.

[Uit *Africa: A Modern History* deur G Arnold]

BRON 3B

Die bron hieronder deur A Ismi beklemtoon die finansiële impak wat die beleid vir strukturele aanpassing op Afrika-lande gehad het.

Sewentig ontwikkelende lande het hulle van 1980 tot 1993 aan 566 stabiliserings- en strukturele-aanpassingsbeleide onderwerp met rampspoedige gevolge; die 1980's het as die 'verlore dekade' bekend geword. Derdewêreld-lande, onderhewig aan PSA's, het tussen 1984 en 1990, $178 miljard ('billion') na Westerse handelsbanke oorgeplaas. Die kapitaaluitstroming uit die Suide was so enorm dat Morris Miller, 'n Kanadese voormalige Wêreldbank-direkteur gesê het: 'Die wêreld het nie sedert die veroweraars (Spaanse ontdekkingsreisigers wat in die 16de eeu dele van Amerika verower het) Latyns-Amerika geplunder het, so 'n uitstroming, soos wat ons vandag ervaar, gesien nie.' Deur regeringsbesteding ten gunste van skulddelging streng in te perk, het die leningsvoorwaardes van die Bank en die IMF die Derdewêreld-toestand verswak (vernietig) en die gevolg was skerp stygende armoede en hongersnood, aangeblaas deur sterk verlaagde voedselsubsidies en geruïneerde (vernietigde) gesondheid- en onderwyssektore.

Groei het stagneer en skuld het teen die einde van die 1980's tot meer as $1,5 triljoen verdubbel. Teen die einde van die 1990's het dit weer tot $3 triljoen verdubbel. Javier Perez de Cuellar, Sekretaris-Generaal van die Verenigde Nasies, het in 1991 gesê: 'Die onderskeie strukturele-aanpassingsplanne wat die middelklas ondermyn; wat salaristrekkers verarm; wat deure toemaak wat begin oopmaak het vir die basiese regte van onderwys, voedsel, behuising, mediese sorg en ook werkverskaffing rampspoedig beïnvloed – laat gemeenskappe, veral jongmense, dikwels in wanhoop verval.'

[Uit http://www.halifaxinitiative.org/updir/ImpoverishingAContinent.pdf. Toegang op 16 November 2015 verkry.]

BRON 3C

Die spotprent deur Polyp hieronder toon die uitwerking wat strukturele-aanpassingsbeleide op ontwikkelende lande gehad het. (Datum onbekend)

SOEK DIE VERSKIL

[Uit http://www.polyp.org.uk/cartoons/democracy/polyp_cartoon_IMF.jpg. Toegang op 16 November 2015 verkry.]

ANTWOORD:
'SOEK DIE VERSKIL'

10 JAAR VAN I.M.F.- STRUKTURELE-AANPASSINGSBELEID

BRON 3D

Hierdie uittreksel deur C Welch fokus op die suksesse en mislukkings van die strukturele-aanpassingsbeleide in ontwikkelende lande.

Strukturele-aanpassingsbeleide slaag dikwels daarin om spesifieke oogmerke, soos die privatisering van staatsondernemings, verlaging van inflasie en vermindering van begrotingstekorte, te bereik. Die groei van die bruto binnelandse produk (BPP) van ontwikkelende lande wat strukturele aanpassing ondergaan, word gewoonlik tot 'n paar sektore beperk, meestal grondstofontginning of goedere wat met goedkoop arbeid geproduseer word. Dus, selfs al groei 'n ekonomie wat deur strukturele-aanpassings-beleide aangedryf word, is hierdie groei gewoonlik nie omgewingsvolhoubaar nie en misluk dit in beduidende werkskepping of verhoogde salarisse, veral teen 'n koers wat voldoende is om met bevolkingsgroei tred te hou en wat vir ontslag as gevolg van strukturele-aanpassingsbeleide vergoed.

Hervorming wat daarop gemik is om lande vir buitelandse handel en beleggings toeganklik te maak, kan lei tot verhoogde uitvoere en groter toegang tot kapitaal, maar dit oorlaai lande ook met ingevoerde weelde-artikels en ondermyn plaaslike nywerhede wat dan weer plaaslike koopkrag knel (beperk). Strukturele-aanpassingsbeleide bevoordeel 'n klein gedeelte van die private sektor, meestal dié wat by uitvoerproduksie en handelsmakelary/-onderhandelings betrokke is. Dié wat by hierdie groeisektore betrokke is, is gewoonlik van die elite wat goeie konneksies het en transnasionale maatskappye.

Ontslag van regeringswerkers, salarisbeperkings, hoër rentekoerse, verminderde regeringsbesteding en die sluiting van binnelandse nywerhede dra almal tot die krimping van die binnelandse mark by. Die swak toestand van die binnelandse mark vererger die sosio-ekonomiese toestand. Alhoewel daar moontlik 'n nuwe dinamiek (groei) in sekere sektore is, verdiep (vererger) maatskaplike en ekonomiese onsekerheid vir die meeste mense in lande wat aan strukturele-aanpassingsbeleide onderworpe is. Die gevolg kan verhoogde politieke onstabiliteit wees, onder meer anti-regeringbetogings en onluste oor prysverhogings.

[Uit http://fpif.org/structural_adjustment_programs_poverty_reduction_strategy/. Toegang op 15 November 2015 verkry.]

ERKENNINGS

Arnold G, 2005. *Africa: A Modern History* (Atlantic Books, Londen)

Christie, K. 2000. *The South African Truth Commission* (Palgrave Publishers, Kaapstad)

http://fpif.org/structural_adjustment_programs_poverty_reduction_strategy/.

http://truth.wwl.wits.ac.za/cat_descr.php?cat=2.

http://www.halifaxinitiative.org/updir/ImpoverishingAContinent.pdf.

http://www.polyp.org.uk/cartoons/democracy/polyp_cartoon_IMF.jpg.

Welsh, D. 2009. *The Rise and Fall of Apartheid* (Jonathan Ball Publishers, Kaapstad)

City Press, 12 Junie 2016

The Sowetan, 9 Junie 1995

The Sunday Independent, 12 Junie 2016

The Sunday Times, 12 Junie 2016

Kopiereg voorbehou